DIE BURGER |

talent

Administratief
Bestuur
Sekretarieel
Landbou
Tegnies
Verkope / Bemarking
Tel: 0860 11 75 20

MIN ERVARING NIE ALTYD SLEG

Jonger werkers is tóg 'n aanwins

MARLENE MALAN

Jong mense beskou die wêreld vanuit 'n moderne werksetiek. Hulle is ambisieus en gedrewe om vinnig loopbaansukses en persoonlike vervulling te bereik.

Mnr. Joep Joubert, 'n menslike hulpbron-konsultant en uitvoerende hoof van Joubert en Genote in die Paarl, sê hoewel ervaring 'n groot pluspunt is, dra jong werkers nuwe energie in.

"Hulle pas vinnig aan in 'n wêreld wat teen 'n ongekende tempo verander. Hulle dink 'buite die boks'. Hulle het grootgeword in 'n wêreld wat deur inligtingstegnologie aangevuur word en dink vanuit 'n nuwe paradigma."

Joubert sê hulle:

- beskik oor die jongste kennis en 80% van die inligting wat ons daagliks gebruik, is in die laaste 20% van ons ervaringstyd aangeleer.
- het nie bagasie nie en pas vinnig binne nuwe kulture en praktyke aan.
- is ontvanklik vir nuwe idees.
- aanvaar diversiteit makliker. Hulle kan dus hul gewoontes en waardes handhaaf in 'n diverse omgewing, met minder vrese vir die onbekende.
- is dikwels meer bekostigbaar as ervare persone. Veral in moeilike ekonomiese toestande het dit 'n groot invloed op die mededingingsvermoë van werkgewers.
- plaas minder druk op mediese en pensioenfondse.

Werkgewers moet 'n omgewing skep wat gunstig is om die potensiaal van jongmense te ontsluit, sê hy.

Me. Menanteau Swart, ook van Joubert en Genote, sê hoewel ervaring 'n werknemer die mag gee om homself vinnig binne 'n nuwe werksomgewing te vestig, is daar baie voordele aan die aanstel van onervare mense. "Dis nodig om meer tyd aan so iemand te bestee, maar die vrugte wat gepluk word, kan baie voordelig wees."

- Jonger mense is meestal goedkoper om aan te stel.
- Jong mense bring vars perspektiewe en verfrissende inisiatiewe na die tafel.
- Jong werkers kan makliker gevorm word om nuwe werkwyses en roetines te aanvaar.
- Dis vir jonges belangrik om hul loopbane te bou. As hulle hulself kan bewys, ontwikkel hulle lojaliteit teenoor die werkgewer.
- Jong werkers is bereid om 'n verskeidenheid van take aan te pak.
- Kritiek word makliker deur jonges as konstruktief beskou; oueres beskou dit makliker as 'n persoonlike aanval.
- Jong persone is buigbaar in terme van organisasiekulture.
- Jong professionele persone met tersiêre kwalifikasies beskik dikwels oor 'n goeie netwerkbasis.

"Moet nooit aanvaar jong mense kan geen waarde toevoeg nie. Met geduld kan 'n reuse-impak gemaak word!" sê sy.

Me. Liza van Wyk van AstroTech College, sê niemand behoort vooropgestelde idees oor enige werker te hê nie.

"Jy kry onbuigbare jong mense met 'n lae energievlak, wat maak asof hulle volleerd is. Dan kry jy ouer werkers wat gemotiveerd is, buigbaar en gereed om te leer. Die geheim is dat jy die regte eienskappe in jong én ouer werkers moet uitken."

Sy sê ervaring het haar geleer "dat ervaring belangrik is, maar daar is plek vir almal binne 'n organisasie. Ervare mense word gedemotiveer as eenvoudige take van hulle verwag word. Vir mense sonder ervaring kan dieselfde take weer uitdagend wees en aan hulle 'n gevoel van prestasie gee."

Van Wyk sê om die regte werkers te huur, beteken dat jy na houding en gedrag kyk. "Ons het al jong mense bevorder wat as skoonmakers begin werk het. Een is nou 'n opleidingskoördineerder en die ander 'n kliënteverhoudingsbestuurder. Dis omdat hulle die regte werksbenadering het."

Sommige jong mense is meer energiek en bereid om te leer, terwyl ander dink hulle is volleerd. Dit is belangrik om reg te kies. Die regte houding is belangrik, ongeag ouderdom. **FOTO TER ILLUSTRASIE: NATALIE GABRIELS**

Omdat AstroTech "houding" en "gedrag" as van die belangrikste eienskappe vir die huur van nuwe werkers beskou, "was een van die eerstes wat ons aangestel het nadat ons dié nuwe beleid aanvaar het 'n 40-jarige vrou wat rook – presies die teenoorgestelde as wat ons gespesifiseer het. Danksy haar harde werk is sy binne 'n paar jaar tot direkteur bevorder."

■ *Marlene Malan is 'n redaksielid van* Rapport.